

Saterdag 17 Maart

Skrifgedeelte: 1 Petrus 5:1-4

Fokusgedeelte: 1 Petrus 5:1-4

Moedig die ouderlinge aan om getroue en diensbare herders te wees

Om 'n ouderling te wees, is nie meer 'n gesogte dienswerk in die gemeente nie (1 Tim. 3:1). Dis harde en opofferende werk – veral as ouderlinge dit doen soos die Here Jesus ons hier leer. Ouderlinge moet immers die gemeente dien en nie oor hulle baasspeel nie. Selfs in die wyse waarop Petrus homself “mede-ouderling” noen, openbaar die Here Jesus dat mense nie oor mekaar aangestel word om te heers nie, maar om mekaar versorgend te dien.

Om 'n ouderling te wees, is egter heerlike werk. Om soos 'n skaapwagter 'n klompie van die Here se kudde onder jou sorg te hê en na al hulle geestelike behoeftes om te sien, is 'n wonderlike voorreg. Om saam met mense die lewenspad te loop en die Woord van die Here aan hulle te bedien in al hulle lewensomstandighede, is 'n voorreg. Om hulle te vertrou, te bemoedig, om hulle op die regte pad te wys en saam met hulle daardie pad te bewandel – want goeie ouderlinge wys nie net die regte pad aan nie, hulle stel self vir die gemeente die voorbeeld hoe om die Opperherder te volg.

Dit kan net gebeur as jy en jou ouderling die Opperherder, Jesus Christus, getrou volg en dien. Wie Jesus getrou volg en dien, ontvang dan ook 'n wonderlike genadeloon. Die Here Jesus sal met sy wederkoms aan jou 'n oorwinnaarskrans gee. Moedig daarom die ouderlinge aan om jou en die gemeente as getroue herders te dien. Onthou ook om altyd vir hulle te bid!

Sing: Psalm 23-2:1

Ds. Piet Venter (Potchefstroom-Oos)